# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

Krugersdorp is beide wat sy fisiese en sosiaal-kulturele en ekonomiese verwantskap betref, 'n integrale deel van die Witwatersrandstreek. Krugersdorp vorm die westelike eindpunt van 'n aaneengeskakelde stedelike ontwikkeling, wat sy ontstaan hoofsaaklik te danke het aan die voorkoms van goudneerslae aan die Witwatersrand en die ontwikkeling van 'n wye verskeidenheid nywerhede. Krugersdorp is bo-op die Witwatersrand, ongeveer 1722 meter bo seevlak, geleë, wat aan die dorp 'n baie gematigde klimaat, winter en somer, gee. Moderne Krugersdorp het in 1991 ongeveer 178 000 inwoners gehuisves. Hiervan het. 43% in Krugersdorp, 44% in Kagiso, 4% in Azaadville en 9% in Munsieville gewoon.[1]

## 1.1. TERREIN VAN STUDIE

Hierdie proefskrif kan binne die kader van òf plaaslike òf stedelike geskiedenis geplaas word. Die begrip plaaslike geskiedenis is moeilik definieerbaar. In die ruimste betekenis is plaaslike geskiedenis die ervaring van die mens in historiese gemeenskapsverband waarin die veranderinge wat die gemeenskap ondergaan het, die denkbeelde wat die verandering meegebring het, en die handelinge van die gemeenskap, beskryf word.[2] Plaaslike geskiedenis kan ook beskryf word as die studie van gebeure, mense en gemeenskappe in 'n gegewe geografiese gebied binne 'n bepaalde tydvak.[3] Kew sien plaaslike geskiedenis as die geskiedenis van 'n dorp, stad, distrik, of enige afgebakende streek wat kleiner as die nasionale staat of die provinsie is en waar die inwoners van die streek 'n bepaalde samehorigheidsgevoel openbaar ten opsigte van hulle denke en aktiwiteite.[4]

---

1 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban structure plan for the Greater Krugersdorp*, Vol.1, Jul. 1996, p.68. Feitlik al die sensusgegewens wat in die teks gebruik is, strek tot 1991, omdat die 1993 syfers nie beskikbaar is nie.

2 P.L. Scholtz, *Streekgeskiedenis: 'n Fassinerende mikrokosmos* (publikasie van die Universiteit van Wes-Kaapland, Reeks A, no.26, 1978), pp.6,8.

3 C. Kamman soos aangehaal deur C.C. Eloff, "Aspekte van plaaslike- en streekgeskiedenis: teorie en praktyk, *Contree*, No.35, Jun. 1994, p.11.

4 J.W. Kew, "The value of local history", *Kleio*, Vol.1, No.1, 1969, p.10.

Die definiëring van plaaslike geskiedenis is onbevredigend. Die begrippe "plaaslike geskiedenis" en "streekgeskiedenis" word in die omgangs- en vaktaal dikwels as sinonieme gebruik. Die invalshoek waaruit die plaaslike geskiedenis bespreek word, is anders as dié van die nasionale geskiedenis. Plaaslike geskiedenis fokus op kleiner eenhede of lokaliteite en nie op die breë nasionale sfeer nie. As onderdeel van die sosiale geskiedenis is plaaslike geskiedenis volgens Eloff meer toegespits op "geskiedenis van onder", terwyl die nasionale geskiedenis in der waarheid "geskiedenis van bo" is. Eloff wys ook daarop dat kontak met die "gewone mense" in die plaaslike geskiedskrywing baie nouer is as wat die geval is met ander vertakkinge van die geskiedeniswetenskap.[5] Hierdie stellings is nie noodwendig altyd waar van plaaslike geskiedenis nie.

In werklikheid pas die tema van die proefskrif beter binne die raamwerk van stedelike geskiedenis in. Daar word hier en daar na Krugersdorp binne streeks- of distriksverband verwys, maar die fokus is op die geskiedenis van die stedelike gebied van Krugersdorp. Van Jaarsveld[6] onderskei in die geskiedenis van 'n stad tussen *verstedelikingsgeskiedenis, stedelike temas* en *stadgeskiedenis*. Verstedelikingsgeskiedenis handel volgens hom oor faktore en omstandighede wat stede laat ontstaan, die bevolking laat groei en 'n herverspreiding van die binnelandse bevolking tot gevolg het. Stedelike temas daarenteen is gerig op gebeurtenisse binne die kader van die stad self, byvoorbeeld munisipale ontwikkeling, beplanning, uitbreiding en groei. In die stadgeskiedenis word stede as afsonderlike "biografiese" entiteite bespreek. Stadgeskiedenis gee aandag aan die ekonomiese, sosiale, kulturele en menslike betrekkinge binne die groter tema van die geskiedenis.

In sy riglyne vir stedelike geskiedenis wys Christopher Saunders op die probleme om stedelike geskiedenis te definieer.[7] Hy wys daarop dat stedelike geskiedenis nie slegs die geskiedenis van groot stede insluit nie, maar ook van

---

5 C.C. Eloff, "Aspekte van plaaslike en streekgeskiedenis: teorie en praktyk", *Contree*, No.35, Jun. 1994, pp.11,12. Kyk ook C. Saunders, *Writing history: South Africa's urban past and other essays*, p.14.

6 F.A. van Jaarsveld, *Stedelike geskiedenis as navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse historikus*, p.22.

7 C. Saunders, *Writing history...*, pp.3,4.

al die variasies van dorpe wat in Suid-Afrika gevind word. Hy argumenteer dat stedelike geskiedenis 'n spesifieke fokus moet hê en dus veral die stedelike leefwêreld en ervaring moet uitbeeld. Verstedeliking, die stedelike gebied se impak op die samelewing en houdings teenoor die stadsgebied word ingesluit.[8]

Stedelike geskiedskrywing geniet sedert die tweede helfte van die twintigste eeu toenemend aandag van historici wêreldwyd. Saunders[9] lys baanbrekerswerk wat in die Verenigde State van Amerika en Brittanje die grondslag van stedelike geskiedenis gelê het. Navorsing op hierdie terrein het geweldig uitgebrei en in sekere lande, byvoorbeeld Kanada, 'n hoë vlak van sofistikasie bereik.[10] Op die Internet is een van die besprekingsgroepe van die grootste geesteswetenskaplike netwerk getitel *H-Urban*. Dit handel oor stedelike studies op 'n interdissiplinêre vlak.

'n Oorsig van die stand van stedelike en streekgeskiedenis in die Republiek van Suid-Afrika, met spesifieke verwysing na die periode 1982/83 – 1984/85, is in 1984 deur P.H.R. Snyman[11] gepubliseer. Uit die 296 navorsingsprojekte in die vak geskiedenis wat in hierdie periode by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing geregistreer was, is 38 projekte in die afdeling stedelike en streekgeskiedenis. Van die genoemde 38 projekte het agttien al die aspekte van die betrokke dorp, stad of streek gedek. 'n Verdere sewentien projekte het op sekere aspekte van stedelike of streekgeskiedenis gefokus en drie projekte op die ontwikkeling, bestuur en administrasie van stedelike en streekgeskiedenis. In kritiek teen *Contree,* fokus die tydskrif volgens Saunders[12] meer op plaaslike geskiedenis as op stedelike geskiedenis, terwyl die artikels te eng in hulle benadering tot stedelike geskiedenis is. Gordon Pirie[13] het 'n oorsig van navorsing op die terrein van stedelike geskiedenis gegee. Beide hierdie publikasies gee nie aandag aan die vroeë

8 C. Saunders, *Writing history…*, p.4.
9 C. Saunders, *Writing history…*, p.11.
10 C. Saunders, *Writing history…*, p.17.
11 P.H.R. Snyman, "Die stand van stedelike en streekgeskiedenis in die RSA", *Contree*, No.16, Julie 1984, pp.30,31.
12 C. Saunders, *Writing history…*, p.6.
13 G.H. Pirie, "South African urban history", *Urban History Yearbook*, 1985.

agtergrond van stedelike geskiedenis in Suid-Afrika nie.

Saunders[14] noem die name van W.M. Macmillan, John Maud, Abel Coetzee, Ray E. Phllips, P.W. Laidler en Allan Hattersly as persone wat tot die vyftigerjare bydraes op die terrein van stedelike geskiedenis gelewer het. Wat die nuwer geslag stedelike historici sedert die sewentigerjare betref, vermeld hy Maynard Swanson en T.H.R. Davenport, asook akademici uit dissiplines buite geskiedenis. Verskeie skrywers het oor die beleid teenoor stedelike Swartmense gepubliseer.[15] Onder Afrikaanse historici het F.A. van Jaarsveld baie oor die veld van stedelike geskiedenis geskryf.[16] By die Randse Afrikaanse Universiteit het 'n stedelike geskiedenisprojek oor Afrikaners in die Goudstad uitgeloop op die publikasie van twee volumes onder redaksie van E.L.P. Stals. Saunders dui aan dat sedert die sewentigerjare meer op die belewing van mense as op owerheidsbeleid gefokus is. Stedelike geskiedenis het dus 'n sterk sosiaal-historiese inslag gekry.[17] By werkswinkels aan die universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand is die grondslag gelê vir historiese navorsing oor Kaapstad en Johannesburg. Onder historici het Saunders self en Charles van Onselen belangrike werk gelewer. Ander van die groot stede waaroor publikasies verskyn het, was Bloemfontein (Karel Schoeman), Kimberely (Mabin Worger), Port Elizabeth (Kirk Baines, ea.), Oos-Londen (Mager, Minkley, ea.) en Durban (Maylam, Freud, ea.). In die geheel gesien meen Saunders dat stedelike geskiedenis in Suid-Afrika nog nie ver ontwikkel het nie.[18]

---

14 C. Saunders, *Writing history...*, pp.9-11.
15 C. Saunders, *Writing history...*, 12,13.
16 C. Saunders, *Writing history...*, p.6.
17 C. Saunders, *Writing history...*, pp.13-15.
18 C. Saunders, *Writing history...*, pp.16,17.

Met betrekking tot Krugersdorp bestaan die behoefte aan 'n wetenskaplike studie van *die sosio-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp onder munisipale bestuur tot 1993*. Navorsing wat in die verlede oor aspekte van die geskiedenis van Krugersdorp gedoen is,[19] het 'n blanksentriese benadering gevolg en weinig of geen aandag gegee aan die rol en betekenis van die Swart-, Indiër- en Bruingemeenskappe, naas die Blanke gemeenskap, in die geskiedenis van Krugersdorp. Burger gee 'n oorsigtelike kronologie van die geskiedenis van Krugersdorp sedert 1887. Die studie gaan mank aan verantwoordbare verwysings. Sowel Dippenaar as Van Aardt se navorsing handel oor aspekte van die geskiedenis, naamlik Blanke onderwys en die Krugersdorp kommando, respektiewelik. Schutte se navorsing handel oor die periode 1887 tot 1900, met die klem op dorpstigting. Die navorsing van Smit gee oorsigtelik aandag aan die musiekgeskiedenis van Krugersdorp. Nie een van die genoemde studies gee aandag aan munisipale ontwikkeling en die sosiaal-kulturele ontwikkeling van die gemeenskap onder munisipale bestuur nie.

Die Eeufeesalbum wat in 1987 onder redaksie van W.J. de Klerk verskyn het,[20] beantwoord ook nie aan die behoeftes vir geskiedskrywing nie. As koffietafel-publikasie is die album ryk aan foto's uit die geskiedenis van Krugersdorp, maar weereens is dit blanksentries met weinig vermelding van die ander gemeenskappe se aandeel in die geskiedenis van Krugersdorp.

## 1.2 BENADERING TOT DIE STUDIE

Die vraag of stedelike geskiedenis 'n duidelike afgebakende subdissipline van geskiedenis is, lei tot die verdere vraag of stedelike geskiedenis 'n metodologie van sy eie benodig. Saunders meen dat weens die eiesoortige fokus en bronne van stedelike geskiedenis daar wel van 'n subdissipline met

---

19. B. Burger, *Krugersdorp 1887-1947* (ongep. studie: Stadsraad, Krugersdorp, 1951); J.H. Dippenaar, *Die onderwys van Blankes in Krugersdorp, 1887-1939* (ongep. M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO, 1953); M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp 1887-1900* (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1961); J. Smit, *Die musiekgeskiedenis van Krugersdorp* (ongep. skripsie vir die B.Mus.-graad, UP, 1964); J.M.H. van Aardt, *Die aandeel van die Krugersdorp kommando aan die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902* (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1950).

20. W.J. de Klerk (red.), *Krugersdorp 100 jaar/years*.

'n eie metodologie sprake is.[21] Volgens hom is stedelike geskiedenis in die verlede dikwels te beskrywend en empiristies benader en was dit dikwels blote kroniek van gebeure.[22] Miskien maak Saunders die gedetailleerde beskrywende werk op die terrein van stedelike geskiedenis te maklik as onbelangrik af. 'n Mens sou met reg kon redeneer dat as dit nie was vir beskrywende historici wat met pynlike deeglikheid die feite ten opsigte van stedelike ontwikkeling nagevors het nie, sou die historici met 'n breër analitiese visie nie die nodige feite vir hul veralgemenende gevolgtrekkings tot hul beskikking gehad het nie. Saunders meld trouens self die belangrikheid van 'n volledige databasis van stedelike inligting.[23] Meer analitiese werk het volgens Saunders in Suid-Afrika 'n eng fokus gehad.[24] Hy beklemtoon dat die stedelike historikus kennis moet neem van teoretiese uitgangspunte[25] en die regte soort vrae moet vra.[26] Die historikus se werk moet 'n kombinasie van die analitiese en die beskrywende wees.

In die algemene benadering tot stedelike geskiedenisnavorsing kan die volgende komponente volgens Saunders met vrug geïnkorporeer word:[27] keuse van 'n navorsingsfokus (die hele stad/dorp of net 'n deel of aspek daarvan), 'n geïntegreerde benadering (die interaksie tussen die verskillende elemente van stedelike ontwikkeling eerder as 'n verdeling in geïsoleerde kompartemente), die nodigheid van 'n sintese ('n algemene geskiedenis van 'n hele stad/dorp se hele geskiedenis deur 'n span navorsers), die streekskonteks, die staat se rol in die nasie, 'n vergelykende perspektief, kwessies van ras, klas en geslag. Saunders gee onder meer die volgende

---

21 C. Saunders, *Writing history...*, p.6.
22 C. Saunders, *Writing history...*, pp.7,16.
23 C. Saunders, *Writing history...*, p.19.
24 C. Saunders, *Writing history...*, p.16.
25 C. Saunders, *Writing history...*, p.19.
26 C. Saunders, *Writing history...*, pp.5,16.
27 C. Saunders, *Writing history...*, pp.20-36.

voorbeelde van analitiese vrae:[28] Wat gebeur met stadkerne? Hoe het woonbuurte mettertyd verander? Wat het die inrigting van Blanke middelklaswoonbuurte beïnvloed? Hoe is die woongebiede en plakkerskampe beleef? Hoe het stedelike uitbreiding landelike spasie geraak? Watter rol het privaatsektoragente, byvoorbeeld eiendomsontwikkelaars en eiendomsagente, konstruksie-ondernemings in die skepping van stedelike omgewing gespeel? Wat was die rol van amptenare soos stadsingenieurs? Hoe is finansiële bronne ontgin en aangewend? Hoe het paaie en spoorlyne gemeenskappe verdeel? Watter vlak van besoedeling was daar? Watter vorme van vryetydsbesteding en populêre kultuur het ontstaan?

Om 'n relevante studie van die sosio-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp onder munisipale bestuur tot 1993 te verseker, word in die proefskrif aandag gegee aan:

- Interne en eksterne faktore wat bygedra het tot die ontstaan en ontwikkeling van Krugersdorp.
- Die rol wat die verskillende gemeenskappe - Blank, Swart, Indiër en Bruin - in die geskiedenis van Krugersdorp gespeel het.
- Die wyse waarop die munisipale regulasies en nasionale wetgewing die verskillende sub-gemeenskappe met betrekking tot sosio-kulturele funksionering beïnvloed het.
- Die mate waarin verstedeliking die sosio-kulturele karakter van die inwoners van Krugersdorp beïnvloed, verander of gevorm het.

In die navorsing van *die sosio-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp onder munisipale bestuur* (1903-1993) is die geskiedenis vanuit 'n plaaslike hoek bekyk. Die multi-kulturele karakter van die inwoners van Krugersdorp is . teen die agtergrond van plaaslike bestuursontwikkeling en munisipale dienste. uitgelig en die faktore wat die sosio-kulturele ontwikkeling van die gemeenskap beïnvloed het, word uitgewys. Aandag is ook gegee aan die rol en invloed van munisipale regulasies en nasionale wetgewing op die samelewing en ontwikkeling van Krugersdorp.

---

28 C. Saunders, *Writing history*..., pp.35,36.

In die ontleding van die tema van die proefskrif omsluit die verwysing na *Krugersdorp* die totale munisipale gebied van die teenswoordige Oorgangsraad, soos dit in 1993 tot stand gekom het. Onder *munisipale bestuur* word verstaan bestuur, beheer en administrasie van Krugersdorp sedert die instelling van munisipaliteite in 1903 tot 1993. Dit is sinvol om hierdie afbakening te gebruik omdat die instelling van Oorgangsrade in 1993 'n era van munisipale bestuur afgesluit het. Die begrip *sosio-kulturele* kan in breë trekke afgebaken word as die verfyning van die geestelike, stoflike en sedelike lewe van die inwoners van Krugersdorp soos weerspieël in sy sosiale groeperinge, lewensomgewing en lewensbeskouïng en sy interaksie op godsdienstige, opvoedkundige, ekonomiese en ontspanningsterrein. Die gebruik van die woord *onder*[29] in die tema moet sinoniem met die betekenisvorme "tydens" en "te midde van" gesien word. Die bedoeling is nie om die betekenisvorme wat onderdanigheid of afhanklikheid uitdruk, in die proefskrif te belemtoon nie.

Saunders[30] beklemtoon dat die stedelike geskiedskrywer naas die bekende primêre en sekondêre bronne ook gebruik maak van 'n wye verskeidenheid "ongewone" bronnemateriaal, wat uniek tot die stedelike geskiedskrywing aangewend kan word. Hierdie bronnemateriaal sluit in straatgidse, dorpsplanne, bouplanne, boedelinventarisse, kieserslyste, waardasierolle en verkiesingsuitslae. Die rekords van bankinstellings, hospitale, dorpsontwikkelaars en eiendomsagente en kerke is dikwels onderbenut in stedelike geskiedenis. Eloff[31] verwys ook na die rekords van verenigings, organisasies, instansies en openbare liggame as navorsingswaardig. Ander waardevolle bronne wat deur hom uitgesonder word is inskripsies op grafstene, straatadreslyste, telefoongidse en museumversamelings.

Die benutting van navorsingsinligting in hulpdissiplines soos geografie, argeologie, argitektuur en stedelike ontwikkeling word deur Saunders

---

29 F.F. Odendaal (hoofred.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, pp.757,758.

30 C. Saunders, *Writing history...*, pp.37-42.

31 C.C. Eloff, "Aspekte van plaaslike en streekgeskiedenis: teorie en praktyk", *Contree*, No.35, Jun. 1994, p.14.

aanbeveel.[32] Ook Van Jaarsveld steun 'n interdissiplinêre benadering tot die skryf van stedelike geskiedenis. Stedelike geografie, ekonomie en sosiale geskiedenis sluit ten nouste aan by stedelike geskiedenis. Vakke soos maatskaplike werk, historiese opvoedkunde, volkekunde, taal- en letterkunde, sosiale sielkunde, staatsleer, publieke administrasie en bedryfsekonomie kan volgens hom almal bydra om die inhoud van stedelike geskiedenis te verryk.[33] Oberholster wys op raakpunte tussen streekgeskiedenis en pleknaamkunde deur die rol wat taal in die streekgeskiedenis en pleknaamkunde speel te beklemtoon. Taal is volgens hom die belangrikste en veelsydigste oorblyfsel van menselike gebruike en instellings. Taal is die medium waarin die gemeenskap se eienaardighede, verwantskappe, opvattinge, gewaarwordinge, kennis en belewinge opgevang en oorgelewer is. Die bydrae van taal in die bestudering van plekname kan nie deur die historikus geignoreer word nie. Plekname as potensiële bron van historiese kennis moet erken en waardeer word.[34] Pleknaamkunde as hulpwetenskap in die bestudering van stedelike geskiedenis kan met vrug aangewend word. 'n Studie van plekname is in hoofstuk twee gebruik om te bepaal of enige vroeë nedersettings van die Bastwana in die Krugersdorp omgewing voorgekom het.

Die navorsing vir die proefskrif berus op 'n verantwoordelike historiese en wetenskaplike metode van ondersoek waarin 'n groot verskeidenheid primêre en sekondêre bronne opgespoor, bestudeer en geëvalueer is. Die meerderheid van die primêre argivale bronne is onttrek uit die versamelings van die Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB) en die Sentrale Argiefbewaarplek (SAB) in die Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA), Pretoria. Die hoofbron wat in die TAB-versameling gebruik is, is die Argief van die Munisipaliteit Krugersdorp (MKR), waar onder meer notules en

---

32 C. Saunders, *Writing history...*, p.42.

33 F.A. van Jaarsveld, *Stedelike geskiedenis as navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse historikus*, pp.77,78.

34 A.G. Oberholster, "Raakpunte tussen streekgeskiedenis en pleknaamkunde", *Contree*, No.12, Jul. 1982, p.23.

skorrespondensielêers vir die periode 1903 tot ongeveer 1960 toeganklik is. Ander argiewe van die TAB- en SAB-versamelings wat gebruik is, word in die bronnelys aangehaal.

Die groot verskeidenheid primêre bronne in die Africanaafdeling van die Krugersdorp Stadsbiblioteek sluit burgemeestersverslae, begrotingsredes, Raad- en Uitvoerendekomitee notules en finansiële begrotings in, wat met groot vrug in die navorsing aangewend is. Die Africana-afdeling huisves ook private dokumenteversamelings van die Paardekraal Geloftefeeskommissie, die versameling van dr. J.J. van Tonder, 'n oud-inwoner, en 'n verskeidenheid manuskripte van outobiografieë van oud-inwoners, asook regeringspublikasies en -verslae en ander verslae wat betrekking het op die

geskiedenis van Krugersdorp en waardevolle navorsingsinligting bevat. Die versameling Inligtingslêers in die Africana-afdeling dek 'n wye verskeidenheid onderwerpe. Dié Lêers bevat hoofsaaklik leke navorsingsinligting, pamflette, koerantknipsels en gedenkstukke, wat met verantwoordelikheid en versigtigheid hanteer is, omdat hierdie materiaal hoofsaaklik vanuit 'n populêre onwetenskaplike hoek benader is. Individuele herinneringe en bydraes is nietemin van groot waarde.

Die versameling plaaslike koerante in die Africana-afdeling dateer sedert die ontstaan van die dorp. As vierblad-publikasies bied die koerante ongelukkig weinig ruimte vir "openbare menings" in die briewekolom. Die hoofdoel van die koerante is om die publiek in te lig oor gebeure in die dorp. 'n Groot persentasie van die ruimte word afgestaan aan berigte oor sportgebeure en sosiaal-kulturele byeenkomste, byvoorbeeld die burgemeester se jaarlikse bal. Ongeveer een-derde van die ruimte word deur advertensies van plaaslike besighede in beslag geneem.

Kaarte, notules, besluite en verslae van die Stadsraad van Krugersdorp is ook gebruik. Die dokumenteversameling van die Krugersdorp Museum sluit persoonlike dokumente en briewe van inwoners in, asook dokumente soos programme, uitnodigings en toegangskraartjies wat lig werp op die sosiaal-kulturele lewe van die inwoners van Krugersdorp. Die waarde van die

fotoversameling in die Krugersdorp Museum as bron in die navorsing van stedelike geskiedenis moet nie onderskat word nie. Die uitgebreide fotoversameling is verteenwoordigend van die Blanke gemeenskap, met 'n minderheid foto's wat lig werp op die geskiedenis van die Swartman, Indiërs en Bruinmense in Krugersdorp. Die bestudering van die fotoversameling het gehelp om lig te werp op veralgemenings en vaaghede wat op oorlewering berus, byvoorbeeld die wyse waarop straatvullis en "nagvuil" verwyder was, en op Krugersdorp van toepassing te maak

Die navorser het ook gebruik gemaak van die dokumenteversamelings in die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG), Bloemfontein en 'n verskeidenheid museumversamelings, onder andere in die Nasionale Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein; die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria en Museum Africa in Johannesburg. Inligting beskikbaar by die genoemde vindplekke werp lig op die sosiaal-kulturele lewe van die inwoners van Krugersdorp.

Die aard van die inligting wat verkry is uit dokumente in besit van die Krugersdorp Besigheidskamer, werp veral lig op die sosio-ekonomiese en kulturele ontwikkeling van Krugersdorp.

Sekondêre bronne verwys na Krugersdorp se rol in die algemeen in bepaalde geskiedkundige gebeure van streek- en nasionale belang. Hierdie bronne is hoofsaaklik aangewend in die agtergrondsoorsig van die studie en vir die inkleding van bepaalde temas. Die nie-gepubliseerde literatuur soos proefskrifte en verhandelings, wat veral ten opsigte van die sosiaal-kulturele ontwikkeling aanvullende inligting verskaf het, is meestal op primêre data geskoei.

Gebruik is ook gemaak van geleentheidspublikasies, byvoorbeeld gemeentelike gedenkpublikasies. Feitlik al die Christelike gemeentes het voor 1900 in Krugersdorp tot stand gekom, wat aanleiding gegee het tot 'n reeks gemeentelike eeufeesvieringe in die onlangse jare. Die eeufeesvieringe het gepaard gegaan met die publikasie van gedenkuitgawes waarin die geskiedenis van gemeentes verhaal word. Die algemene tendens van die

geskiedskrywing in die gedenkuitgawes is om die geskiedenis van 'n spesifieke gemeente aan die kerkgebou te koppel, met die oprigting van die gebou, aanbouings, addisionele strukture, byvoorbeeld 'n kerksaal of pastorie, as hoogtepunte in die bestaan van die gemeente. Die kronologie van gebeure is andersyds gekoppel aan die diensperiode van die verskillende predikante. Elke pastoriepaar het sy eie stempel op die gemeente, en die gemeenskap, afgedruk. Die aanwending van die gedenkuitgawes in die proefskrif poog om 'n kroniekagtige bespreking van die godsdienste en godsdiensbeoefening in Krugersdorp te vermy.

Periodieke publikasies en koerantknipsels is gebruik om inligting met betrekking tot die infrastruktuurskepping en sosiaal-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp aan te vul. Die knipselversameling van INEG dek die periode 1977-1995.

'n Baie belangrike gedeelte van die plaaslike geskiedenis van Krugersdorp is nie geboekstaaf nie, of in geskrewe vorm beskikbaar nie. Met behulp van mondelinge oorleweringe en persoonlike onderhoude is gepoog om leemtes by te lê. Die meerderheid van die mondelinge mededelings is deur die Krugersdorp Museum. Die mededelings wat in die navorsing gebruik is, is sover moontlik vir betroubaarheid gekontroleer deur dit met primêre en ander bronne te vergelyk. Persoonlike onderhoude wat deur die navorser self gevoer is, is sover moontlik gestruktureerd gevoer, sodat die navorser so objektief moontlik die relevante inligting wat vir die studie benodig is, kon bekom.

## 1.3 SAMESTELLING VAN DIE PROEFSKRIF

Die inhoud van die navorsing is tematies bespreek teen die agtergrond van munisipale bestuursontwikkling en -infrastruktuurskepping. Die historiese verloop van gebeure is dus tematies-kronologies behandel. Die invloed van besluite, munisipale verordeninge en nasionale wetgewing op die sosiaal-kulturele ontwikkeling van die gemeenskap is sover moontlik aangetoon, vertolk en in perspektief gestel.

Hoofstuk twee dien as agtergrond vir die sosio-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp. Aandag word gegee aan die voorgeskiedenis van die omgewing met verwysing na die fossielfondse van die *Australopethicus* by die Sterkfonteingrotte en die vroeë ystertydperkvestigings van die Batswana aan die Witwatersrand. Die volksvergadering by Paardekraal in 1880 is 'n onafskeidbare deel van die geskiedenis van Krugersdorp. Die Paardekraalgebeure en daaropvolgende volksfeeste het 'n direkte invloed gehad op die stigting van Krugersdorp en die ligging daarvan in die omgewing van die Paardekraal-monument. Die monument het vir dekades sentraal gestaan in die kultuuraktiwiteite van die Blanke Afrikaner. Die rol en betekenis van die Paardekraalgebeure en -monument in die ontstaan van Krugersdorp en sosiaal-kulturele ontwikkeling van die inwoners, word bespreek.

Krugersdorp het, soos baie ander dorpe aan die Witwatersrand, sy ontstaan te danke aan die ontdekking van goud. Die plaas Paardekraal waarop Krugersdorp aangelê is, is in 1887 tot 'n openbare delwery verklaar. Die vestiging en vroeë ontwikkeling van Krugersdorp geniet oorsigtelik aandag met spesifieke verwysing na die Jamesoninval (1896) en toestande in Krugersdorp tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902).

Die totstandkoming van die Krugersdorp Munisipaliteit in 1903 dui die begin van 'n nuwe fase in die geskiedenis van Krugersdorp aan. Hoofstuk drie fokus op munisipale bestuursontwikkeling met verwysing na die invloed van nasionale wetgewing, provinsiale ordonnansies en plaaslike verordeninge op die bestuur van Swart-, Indiër- en Bruingemeenskappe. Munisipale bestuursontwikkeling is bepaal deur die kleurbeleid van die Nasionale Regering. Die periode 1903 tot 1993 verteenwoordig 'n periode van Blanke dominasie in munisipale aangeleenthede waarin die ander bevolkingsgroepe - Swartmense, Indiërs en Bruinmense- weinig aandeel of sê gehad het. Dat meer aandag in die bespreking aan die Blanke gegee word, weerspieël die feit dat die Blanke oor 'n lang tydperk van munisipale bestuur bevoordeel is ten opsigte van bestuursontwikkeling en infrastruktuurskepping. Weens die

Blanke beheer oor die plaaslike regering bestaan daar uiteraard ook baie meer dokumentêre getuienis wat Blanke ontwikkeling aantoon.

Die ruimtelike ontwikkelingspatroon van Krugersdorp, soos bespreek in hoofstuk vier, het by die behoeftes van die Blanke gemeenskap aangepas. Nadat die aanvanklike dorpsontwikkeling wes van die Sentrale Besigheidsdistrik (SBD) plaasgevind het, het die ontwikkeling van woongebiede vir Blankes in die hoër inkomstegroepe hoofsaaklik oos en noord van die SBD voorgekom. Die ruimtelike ontwikkeling van Krugersdorp in woongebiede vir laer- en hoër inkomstegroepe, asook die invloed van die groepsgebiede wetgewing op die plasing van woongebiede vir Swartmense, Indiërs en Bruinmense op die periferie van die munisipale gebied, word bespreek. Aandag word ook aan die verstedeliking van Krugersdorp gegee.

Die ontwikkeling van munisipale infrastruktuur en dienslewering het sedert 1903 langsamerhand, maar doelgerig vordering gemaak. Die historiese ontwikkeling van verskeie fasette van infrastruktuur en munisipale dienslewering word in hoofstuk vyf bespreek. Aandag word onder andere gegee aan watervoorsiening, elektrisiteitsvoorsiening, reinigingsdienste, gesondheidsdienste, strate, vervoer en verkeer, brandweer en ambulansdienste, parke en ontspanningsfasiliteite, biblioteekdienste en 'n verskeidenheid gemeenskapsdienste.

Binne die bestek van dekades het Krugersdorp gegroei van 'n myndorp tot 'n dinamiese industriële sentrum. Die ekonomiese basis van die dorp het in die laaste twee dekades verander vanaf industriële na 'n handelsekonomie. Die sosio-ekonomiese ontwikkeling van Krugersdorp geniet aandag in hoofstuk ses. Slegs enkele aspekte in die sosio-ekonomiese ontwikkeling van Krugersdorp waarby die munisipaliteit in 'n mindere of meerdere mate betrokke was, word bespreek. In die landbou-mynboufase van die sosio-ekonomiese ontwikkeling van Krugersdorp word die ontstaan van landbouhoewes op die periferie van die munisipalegebied en die munisipale mark oorsigtelik bespreek. Aandag word ook gegee aan Swart-, Sjinese- en Afrikanerarbeid op die goudmyne. Die ontstaan van nywerheidsgebiede en

die ekonomiese bydrae van nywerhede in streekverband word aangetoon. Die rol van die mikro-entrepreneur, met spesifieke verwysing na die Indiërsakelui, tot die ekonomiese ontwikkeling van die dorp geniet aandag.

Kultuur in die verband waarin dit in die studie benader is, moet nie as die somtotaal van 'n verskeidenheid aktiwiteite gesien word nie, maar dit moet gesien word as die wyse waarop die inwoners van Krugersdorp leef. Kultuur is die vorm waarin die mens sin en betekenis aan sy bestaan verleen en uitdrukking gee aan dit wat hom ontroer. Dit sluit alles in wat die mens aan sowel geestesgoedere as stoflike besit verwerf het.[35] Daar word in die bespreking van die sosiale lewe, uitvoerende kunste, verenigingslewe, en volksfeeste in hoofstuk sewe gekyk na die kultuurontplooiing van die kultuurdiverse gemeenskappe van Krugersdorp.

Die sosiale en kulturele lewenswyse van die inwoners van Krugersdorp is in 'n groot mate beïnvloed deur die faktore wat tot die grondlegging van die dorp gelei het. In die studie word nie getrag om die studiegebied van die sosiologie te betree nie, maar om bloot interdissiplinêr in breë trekke te kyk na die faktore wat die samelewing in groepverband beïnvloed het, met beklemtoning van die kultuurdiverse karakter van die dorp. Die wisselwerking tussen bepaalde gebeurtenisse en die handelinge van inwoners is sover moontlik in die bespreking van die sport en ontspanningsfasisilteite (hoofstuk 8), godsdiens en kerklike lewe (hoofstuk 9), onderwys (hoofstuk 10), en polisiëring en regspraak (hoofstuk 11), aangeraak. Die benadering wat in dié hoofstukke gevolg is, sluit aan by die tematies-kronologiese bespreking van die sosio-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp wat in die proefskrif gevolg is.

In die slothoofstuk word die sosio-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp in perspektief geplaas en geëvalueer. Plaaslike Owerhede het die

---

35 A.J. Breedt, *Die kulturele lewe van Blanke jeugdiges in Suid-Afrika, met besondere aandag aan aspekte van hulle lewens- en wêreldbeskouïng: 'n Sosiologiese studie* (ongep. D.Phil.-proefskrif, UP, 1967), pp.44,45; M.J. Swart, "Wese van kultuur met besondere verwysing na die Afrikaner", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, Vol.1, No.4., Des. 1987, p.338; P.S. Dreyer, "Verband tussen geestelike en stoflike kultuur", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, Vol.1, No.1, Mrt. 1987, pp.2,3.

verantwoordelikheid om kultuurontwikkeling en kultuuraktiwiteite in die breër gemeenskap te ondersteun, te bevorder en te ontwikkel. Om leemtes in die proses van transformasie wat op die nuwe politieke bedeling in 1993 volg uit te skakel, word enkele aanbevelings wat betrekking op die interpretasie van die navorsing het, gemaak.

## 1.4 SLOTOPMERKING

Wat die relevansie en aanwendingsmoontlikhede van die navorsingsresultate betref, moet vermeld word dat die studie deel vorm van 'n projek van die Krugersdorp Museum. Die projek is gerig op die navorsing van die rol en aandeel van die totale gemeenskap op die geskiedenis van Krugersdorp met die oog op die beplanning en aanbieding van permanente uitstallings in die museum. Kultuur as die dominante determinant van sosiale gedrag is uniek, maar verganklik en dit is daarom 'n vereiste dat kultuurhistoriese voorwerpe in 'n museum in perspektief geplaas word, sodat dit die behoeftes en gedrag van die spesifieke tyd en mense, asook die mate waartoe dit tot sosiale ontwikkeling bygedra het, reflekteer. Tradisioneel het navorsing van kultuurhistoriese voorwerpe identifikasie, kronologie en beskrywing as hoofrigtings gehad, daarom word daar met die navorsing van die sosiaal-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp gepoog om die museumversameling binne die algemene agtergrond van die dorp se geskiedenis te plaas en te interpreteer. In die lig van die beoogde aanwending van die navorsingsresultate in die Krugersdorp Museum, is daar noodwendig ten opsigte van sekere aspekte van die proefskrif meer aandag aan detail gegee ter wille van volledigheid en om in die behoeftes van die museum te voorsien.

Die toevoeging van plaaslike geskiedenis in geskiedenisleergange op skoolvlak noodsaak wetenskaplike navorsing in dié rigting.